Ks3-10
Kerkstraat tussen Kochstraat en Kerkplein. <u>Kerstraat-Wes</u>




Heel links op die foto is die naambord van Hobbs & Millar. Hulle was handelaars in kledingstowwe en het ook 'n tak in Kerstraat-Oos gehad. Na 1895 is die vennootskap verbreek en het elkeen sy eie winkel gehad.

Die volgende naambord is dié van die Poynton Broers. Dit is moontlik dat hierdie nie hul winkel was nie maar wel die werf waar hulle voorrade gestoor het. In die 1913 gids [Loc-01 p248] word Kerkstraat 136 aangegee as Poynton Bros. Yard.

Die groot dubbelverdiepinggebou aan die linkerkant van die straat [hoek van Kerk- en Kochstrate] is die gebou van Bourke & Co. Dit lyk asof die gebou hier nog nie heeltemal voltooi is nie.

Die mooi gebou met die gewels oorkant die staat is Durban House wat oorspronklik die besigheid van Harvey Greenacre & Co. was. Na 1896 trek Robert Hamilton hier in. Harvey Greenacre & Co. skuif later na "The Corner Shop" op die suid-westelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein en Robert Hamilton bou die imposante gebou op die hoek van Kerk- en Andriesstrate.

<u>Bibliografie</u>

Loc-01 Lochhead's **Guide Handbook and Directory of Pretoria.** 1913. Transvaal Reliable Agency.